NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

7 Oktober 2022: Nr 36/2022

Warmnuus

❖ Sinodesitting

Ons vier ons verbintenis aan mekaar

Volgende Sondag skop die 22e Sinodesitting van Noordelike Sinode af. Ons vier dan in die besonder ons verbintenis aan mekaar as familie. Ons gaan daarom saam nagmaal gebruik, en begin om die tema: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie", te bedink. Die hele gebeure word lewendig "gestream", sodat alle gemeentes en lidmate kan deel in hierdie fees wat vanweë Covid-19 ses jaar laas kon plaasvind. [Kliek hier http://noordsin.ngkerk.net/sinodesittings/ vir die volledige inligting tot op hede].

❖ Voorskoolse kategese-produkte vir 2023

Bybel-Media se voorskoolse kategese-reeks bestaan uit hope leersame aktiwiteite asook stories, liedjies en lesse vir geloofsontwikkeling. Met verskeie aanbiedersboeke, werkboeke en selfs videogrepe om van te kies, kan jy verseker wees dat daar ure se pret voorlê! [Kliek hier vir gratis aflaaibare materiaal: 12 wenke om die kinders welkom te laat voel.] Vir die katalogus vir 2023 kategese 2-6 jariges kliek hier.

Sinodenuus

❖ Selfsorg

Volwassenes (en eggenote) in opleiding

Pieter Visser skryf in sy volgende bydrae oor Selfsorg: *"'n Week of wat gelede het ek die voorreg gehad om by 'n gemeente oor verhoudings te gesels. Een en van die onderwerpe, uit John Gottman se navorsing, wat ek uitgelig het, is dat paartjies moet oop wees om mekaar te beïnvloed - verál die mans, want die vrouens is geneig om dit meer natuurlik te doen (moontlik oor hulle nie in die verlede'n keuse gehad het nie…"* [Kliek hier om verder te lees]

❖ Tekslees met 'n verskil

11 Oktober
Skriflesing: Jeremia 31:27-34
Kontak vir Fanie Cronje (083 415 1452) / Kobus Myburgh (083 227 7185)
Zoom - *Ou Testament Tekslees-skakel*
Meeting: https://us02web.zoom.us/j/81788166700?pwd=WEp2ekxFeE5vWjM5cUN3Tno2djlDQT09
Meeting ID: 817 8816 6700; **Password**: 0295360

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Baie geluk!

Nicky Hattingh [Krokodilrivier] en **Charné** is op *24 September* getroud.

❖ Bevestiging / Beroep

Anuschka Smit word op *9 Oktober* by Universiteitsoord as studenteleraar bevestig.

Fanie Steyn is na Ventersdorp as brugleraar beroep.

❖ Verjaarsdagwense

09/10 Derick du Toit [Villieria]
10/10 Ferdie Clasen [SA Gemeente]
Moses Zulu [DRC Zambia Lusaka]
11/10 Corne Burger [Louis Trichardt]
12/10 Herklaas Viljoen [Emeritus]
15/10 Johan Dill [Emeritus]

10/10 Sarel Francois J van Rensburg [Eggenoot van Hanré J van Rensburg, Ooskerk]
12/10 Marlene Schutte [Eggenote van Thom Schutte, emeritus]
Engela Cronjé [Eggenote van Fanie Cronjé, Lynnwood]
Johan Steyn [Eggenoot van Bianca Steyn, Rustenburg-Suid]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Thabazimbi [09/10/1943]
Chipinge [12/10/1895]
Albertyn [14/10/1944]

❖ Daspoort

Eeufeesjaar

21 Oktober: Daspoort Jeugaand
22 Oktober: Daspoort Feesaand [18:00-21:00] Gaskunstenaar: ***Germandt Geldenhuys*** – Beperkte sitplekke! R100 - Besprekings slegs WhatsApp: 083 462 6958 of 012-379 3848 gedurende kantoorure
23 Oktober: Daspoort Feesdiens [9:00-10:00] NG Daspoort – Navrae: 012-379 3848

❖ Quaggapoort

Canamus: Die groot saamsing

Kom deel in Quaggapoort se seisoen van dankbaarheid. 'n Massasaamsing-geleentheid uit die skatkis van gereformeerde asook kontemporêre kerkliedere, begelei op pyporrel en klavier, tesame met vele ander instrumente en stemme. Kom sing saam!
Wanneer: Sondag, *6 November* [15:00]; Waar: Die kerkgebou te Sishenstraat 4, Wespark. Kaartjies: R60 per persoon. Beskikbaar aanlyn by Quicket, of by die kerkkantoor. Navrae: Anthony – 0834751919.



❖ Universiteitsoord

Studentebediening

Maryna Enslin [Skakel- en Kommunikasiebeampte] van dié gemeente deel die volgende hoogtepunte: Kontak haar by 012-362 0663 / maryna@unio.co.za.

Straatbraai 2022: "Dit is 13 September, 'n heerlike Lente-aand in die strate van Pretoria. Met bloeisels oral waar jy kyk en die reuk van braaivleis in die lug kuier Oppistoep se gemeentes weer eens saam. Ons word herinner aan 'n tyd toe aande soos dié nie moontlik was nie, en waardeer die samesyn soveel meer. Mense van alle kulture en ouderdomme kom bymekaar om in die strate te dans en fees te vier." [Kliek hier vir die volledige artikel]

Bosveldkonsserttoer 2022: Na drie jaar kon die studente weer die uitreik Bosveld toe aanpak. Nadat die datum 'n paar keer aangeskuif is, kon hulle uiteindelik as 'n groep van 30 studente op hierdie toer vertrek. Hierdie uitreik het gestrek van Naboomspruit en Swartwater tot Thabazimbi, waar studente die bejaardes bedien het met toneelstukke en geselskap." [Kliek hier vir die volledige artikel]

Greenleaf Kamp 2022: Greenleaf is NG Universiteitsoord se Engelse studente-bediening. Die Greenleaf kamp, gelei deur ds Charlotte Sibanyoni, het vele studente getrek om die jaar by Altelekker te gaan kamp. Hier het studente die geleenteheid gehad om geestelik te kon groei, pret saam te hê en vriende te maak. [Kliek hier vir die volledige artikel]

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Millennial Gesprek

Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) bied 'n geleentheid op *12 Oktober* [10:30-13:30] om na prof **Jaco Hamman** te luister. Hy beskik oor uitstekende kennis ten opsigte van die sogenaamde millennials. Hy is Suid-Afrikaans gebore en is tans werksaam as direkteur van die departement Teologie en Praktyk by die Vanderbilt Divinity School. Hy is die outeur van verskeie boeke, onder andere *The Millennial Narrative: Sharing the Good Life with the Next Generation (Abingdon Press, 2019).* Belangstellendes kan die lesing sonder koste aanlyn bywoon. ***VBO-krediete*** sal toegeken word.

Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
14 – 17 November 2022; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [Kliek hier vir volledige inligting]

Ander nuus

❖ Huis Herfsblaar

Herfsmed is 'n afdeling van Huis Herfsblaar, 'n aftree-oord geleë in Queenswood Pretoria. Dienste soos op die foto aangetoon word aan enige persoon aangebied, nie net aan ouer persone nie. Beperkte verblyf vir 'n naaste familielid wanneer 'n pasiënt vergesel word is ook op die perseel van Huis Herfsblaar beskikbaar. Skakel gerus die Gevallebestuurder: ***Zurelda Aylward*** by 012 333 4445 x125 / 074 657 1798 / clinic@huisherfsblaar.co.za.

❖ Kan iemand help?

Systems-Sensitive Leadership: Empowering Diversity Without Polarizing the Church (Armour and Browning, 2000) - Indien enigiemand bogenoemde wil verkoop, kan hulle vir *Dawie Rotteveel* (NG Pretoria-Tuine) kontak by tuine@rotteveel.co.za.

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media:

Oktober is Bybel-maand

Vir hierdie spesiale tyd van die jaar, vind ons inspirasie in die natuur. Die mooi lente is in volle gang, en dis ’n wonderlike tyd om ’n seisoen van vernuwing in jou geloof aan te pak. Wanneer dit by God se Woord kom is daar drie dinge om te doen: Lees dit. Leef dit. Deel dit. [Kliek hier en lees meer oor die veldtog]

❖ Vakatures

Kerkbode Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Huis Piek

Administratiewe assistant

Die administratiewebestuur van al die funksies en werksaamhede van Huis Piek; Ondervinding van Tuiste vir Bejaardes; Rekenaarvaardigheid; Finansiële- en administratiewe ondervinding; Goeie gesondheid: fisies en psigies; Kommunikasievaardighede; Leierseienskappe; Organisasievermoë; Moet oor 'n geldige rybewys en eie vervoer beskik
Kontak: Adrie van Deventer: adrie3@mweb.co.za
Sluitingsdatum: *13 Oktober*.

Pietersburg-Noord

Voltydse gemeenteleraar

Noordgemeente het twee bedieningspunte nl. in Polokwane en Mogwadi. Die gemeente bestaan uit 1660 belydende en 548 dooplidmate en word tans bedien deur een voltydse leraar, ’n maatskaplikewerker en aktiewe kerkraadslede. [Kliek hier om verder te lees] Lea Huma by admin@ngnoord.co.za – 015 287 9700.
Sluitingsdatum: *04 November*.
Diensaanvaarding: *01 Maart 2023* of soos besluit

Naskrif